

19 Augustus 2026

Dr. E. Ntoba
Munisipale Bestuurder
Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit
Gemeenskapsentrum
Markstraat 2
UPINGTON
8800

Per e-pos: manager@dkm.gov.za

Aandag: Dokter E.Ntoba

**FORMELE EN DRINGENDE KENNISGEWING VAN OMGEWINGSBESOEDELING,
OPENBARE GESONDHEIDSRISIKO, RIOOL-OORLOOP EN MOONTLIKE
BESOEDELING VAN DIE ORANJERIVIER**

Hiermee word u **formeel en dringend in kennis gestel** van 'n uiters ernstige en potensieel katastrofiese riool- en omgewingsbesoedelingsvoorval in die Louisvalleweg-gebied van Upington.

Volgens waarnemings en inligting tot ons beskikking het 'n wal by een van die riooldroogdamme / riooldroogloopdamme gebreek, waarna groot hoeveelhede onbehandelde of onvoldoende behandelde rioolwater onbeheers uit die aanleg vloei.

Die rioolwater vloei na bewering oor 'n afstand van ongeveer **vier kilometer** deur en langs die Louisvalleweg-gemeenskap, verby **wonings en skole**, onder die **N10**, deur die nywerheidsgebied en vervolgens oor of langs verskeie besigheidsterreine.

Die situasie sluit onder andere die volgende gebiede en eiendomme in:

- die Louisvalleweg-gemeenskap;
- woonhuise en skole;
- die gebied onder die N10;
- die nywerheidsgebied;
- **SAD PepsiCo/Pioneer Foods;**
- **Marco Sweiswerke;**
- **ALS-besigheidserwe;**
- die **Louisvalleweg-kerk en begraafplaas;**
- Olyvenhoudtsdrift gemeenskap;
- voedselverwante ondernemings en ander ondernemings; en
- uiteindelik die kanaal en die **Oranjerivier**.

Adres: Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion • **Tel.:** 086 10 200 30
Ledesake - E-pos: ledesake@afriforum.co.za • **Direkteure:** Me. A. Bailey, mnr. P.J.W. Buys, dr. H.K. Coetzee, mnr. P.L. Dekker, mnr. F.J.D. de Klerk, mnr. G.R. de Vries,
dr. D.J. Hermann, mnr. C.M. Kriel en dr. R. Pretorius. • **Maatskappyskreteraris:** Mnr. W.A. Vogel
Registrasienommer: 2005/042861/08 • **OSW-nommer:** 054 - 590

Dit het verder onder ons aandag gekom dat die rioolwater deur die terrein / werksarea van Pioneer Foods vloei waar **rosyntjebakke en voedselverwerkingsverwante materiaal** teenwoordig is.

Dit is nie bloot 'n onaangename reuk of geriefskwessie nie. Dit is 'n **ernstige potensiële openbare gesondheids-, voedselveiligheids-, grond-, water- en omgewingsbesoedelingsvoorval** wat onmiddellik deur bevoegde owerhede ondersoek en gestop moet word.

1. GRONDWETLIKE REG OP 'N VEILIGE EN GESONDE OMGEWING

Artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat elke persoon die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid of welstand is nie. Artikel 24 vereis verder redelike wetgewende en ander maatreëls om onder andere besoedeling en ekologiese agteruitgang te voorkom. Die huidige situasie, indien soos hierbo beskryf, is prima facie onversoenbaar met hierdie grondwetlike beskerming.

Daar kan nie van inwoners van Louisvalleweg, kinders wat skole in die gebied bywoon, werknemers, sake-eienaars, begraafplaasbesoekers en ander lede van die publiek verwag word om vir 'n onbepaalde tyd aan 'n onbeheerde rioolstroom en die gepaardgaande stank, patogene en moontlike kontaminasie blootgestel te word nie.

NASIONALE WATERWET 36 VAN 1998 – ARTIKEL 19

Die Nasionale Waterwet plaas 'n duidelike verpligting op die eienaar, beheerder of okkupeerder van grond waar 'n situasie bestaan wat waterbesoedeling veroorsaak, veroorsaak het of waarskynlik kan veroorsaak, om alle redelike maatreëls te tref om sodanige besoedeling te voorkom, te beperk en te herstel.

Artikel 19 sluit onder andere maatreëls in om die beweging van besoedelende stowwe te beperk, die bron van besoedeling te elimineer en die gevolge van besoedeling te remedieer.

Indien die rioolstroom inderdaad sy weg tot in die kanaal en vervolgens die Oranjerivier vind, is daar 'n uiters ernstige moontlikheid dat 'n **waterbron direk besoedel word**. Ons verwag daarom dat die Departement van Water en Sanitasie hierdie aangeleentheid as 'n **dringende waterbesoedelingsvoorval** sal behandel.

3. NASIONALE WATERWET – NOODVOORVAL

Die Nasionale Waterwet se artikel 20 handel spesifiek oor voorvalle waar 'n stof 'n waterbron besoedel of die potensiaal het om 'n waterbron te besoedel.

Waar so 'n voorval plaasvind, bestaan daar verpligtinge om die voorval te rapporteer en redelike maatreëls te tref om die besoedeling te beperk en die gevolge daarvan te verminder.

Die feit dat die rioolwater volgens berigte reeds oor 'n lang afstand beweeg en moontlik 'n kanaal en die Oranjerivier bereik het, maak hierdie aangeleentheid des te meer dringend.

4. WET OP NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR (NEMA) 107 VAN 1998 – ARTIKEL 28

Artikel 28 van NEMA plaas 'n plig van sorg (“**duty of care**”) op persone wat betekenisvolle besoedeling veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak. Redelike maatreëls moet geneem word om besoedeling te voorkom, te beperk en waar nodig te herstel.

Die wet verwys uitdruklik na maatreëls soos ondersoek en beoordeling van omgewingsimpakte, beheer van die besoedelingsbron, voorkoming van verdere verspreiding en herstel van die gevolge van besoedeling.

Ons stel dit dus onomwonde:

Die voortgesette onbeheerde vloei van rioolwater is nie 'n aanvaarbare toestand nie en kan nie bloot as 'n gewone munisipale instandhoudingsprobleem afgemaak word nie.

5. MOONTLIKE OORTREDINGS EN REGULATORIESE HANDHAWING

Artikel 49A van NEMA maak onder andere sekere onwettige opsetlike of nalatige handeling of versuime wat betekenisvolle besoedeling veroorsaak of waarskynlik kan veroorsaak, strafbaar. Dit sluit ook versuim om sekere wetlike bevele en kennisgewings na te kom in.

Ons versoek daarom dat die bevoegde owerhede nie slegs die onmiddellike rioolvloei stop nie, maar ook ondersoek instel na:

1. die oorsaak van die wal wat gebreek het;
2. die toestand en kapasiteit van die riooldroogdamme;
3. vorige kennisgewings, klagtes en waarskuwings rakende die aanleg;
4. of behoorlike instandhouding en monitering plaasgevind het;
5. of enige vorige voorvalle plaasgevind het;
6. wie beheer en verantwoordelikheid oor die aanleg gehad het;
7. waarom die rioolwater toegelaat is om so 'n afstand onbeheers af te lê;
8. of enige bevoegde owerheid betyds van die voorval in kennis gestel is; en
9. of enige wetlike of regulatoriese vereistes oortree is.

6. OPENBARE GESONDHEID

Die feit dat rioolwater deur 'n gemeenskap met **huise en skole** vloei, skep 'n besondere ernstige risiko. Daar het al in die verlede kinders verdrink in die damme wat ook nie omhein is nie. Die inwoners en veral kinders behoort nie blootgestel te word aan onbehandelde riool, fekale materiaal, potensiële patogene, besmette grond, besmette water of aanhoudende riooldampe nie.

Die uiters ondraaglike stank is op sigself 'n ernstige aanduiding dat die situasie nie as 'n geringe voorval behandel kan word nie.

Ons eis daarom 'n **dringende openbare gesondheidsassessering** van die gebied.

7. VOEDSELVEILIGHEID EN VOEDSELVERWERKING

Die situasie is verder buitengewoon ernstig omdat die rioolstroom volgens berigte deur of langs gebiede beweeg waar voedselverwante bedrywighede plaasvind.

Daar is spesifiek kommer oor die gebied van **SAD PepsiCo/Pioneer Foods**, waar rosyntjiebakke vir verwerking teenwoordig is.

Ons vra dat die bevoegde voedselveiligheids- en gesondheidsowerhede onmiddellik bepaal:

- of voedsel, grondstowwe, verpakking, bakke of produksiegebiede moontlik aan rioolwater blootgestel is;
- of enige voedselprodukte moontlik besmet kon word;
- of besmette oppervlakte behoorlik ontsmet moet word;
- of enige gebiede tydelik gesluit of van gebruik onttrek moet word; en
- watter monsterneming en laboratoriumtoetse benodig word.

Hierdie aangeleentheid moet **onmiddellik en onafhanklik** beoordeel word.

8. KERK EN BEGRAAFPLAAS

Die rioolvloei deur die Louisvalleweg-kerk se begraafplaas is besonder kommerwekkend. Daar is reeds berig dat **grafte ineenstort** as gevolg van die vloeiende water/riool. Dit hou nie slegs 'n omgewings- en gesondheidsrisiko in nie, maar raak ook die waardigheid van afgestorwenes en die regte en emosionele welstand van families.

Ons eis dat die toestand van die begraafplaas onmiddellik deur die verantwoordelike munisipale en gesondheidsowerhede ondersoek word en dat alle redelike stappe geneem word om verdere skade te voorkom.

9. ORANJERIVIER – 'N UITERS ERNSTIGE KWESSIE

Die mees kommerwekkende aspek is dat die rioolstroom volgens die inligting tot ons beskikking **uiteindelik in die kanaal en daarna in die Oranjerivier vloei**. Indien dit bevestig word, kan daar sprake wees van direkte besoedeling van 'n belangrike waterhulpbron.

Die Departement van Water en Sanitasie word versoek om dringend:

- watermonsters op relevante punte te neem;
- die kanaal te ondersoek;

- die Oranjerivier stroomop en stroomaf van die moontlike besoedelingspunt te toets;
- mikrobiologiese en ander toepaslike parameters te toets;
- die uitslae skriftelik bekend te maak; en
- die bron en omvang van die besoedeling wetenskaplik vas te stel.

10. ONS EISE

Ons eis hiermee dat die verantwoordelike owerhede **onmiddellik** die volgende doen:

10.1 Stop die onbeheerde rioolvloei by die bron.

10.2 Herstel en beveilig die gebreekte wal en enige ander infrastruktuur wat die riool deurlaat.

10.3 Voorkom dat verdere rioolwater die gemeenskap, skole, besigheidsterreine, voedselverwerkingsareas, begraaftaas, kanaal en Oranjerivier bereik.

10.4 Plaas onmiddellike veiligheidsmaatreëls en waarskuwingstekens in alle gevaarsones.

10.5 Laat die besmette gebiede professioneel ondersoek, ontsmet en, waar nodig, herstel.

10.6 Laat onafhanklike water-, grond- en omgewingsmonsters neem.

10.7 Stel die publiek en geaffekteerde grondeienaars skriftelik in kennis van enige gesondheids- of waterveiligheidsgevaar.

10.8 Stel vas of enige voedselverwerkingsbedrywighede deur die besoedeling geraak is.

10.9 Ondersoek die toestand en instandhouding van die riooldroogdamme.

10.10 Verskaf 'n volledige skriftelike verslag oor die oorsaak van die gebreekte wal.

10.11 Verskaf besonderhede van alle vorige klagtes, voorvalle, inspeksies en instandhoudingswerk wat met die betrokke riooldroogdamme verband hou.

10.12 Verskaf die datum en tyd waarop die munisipaliteit en ander bevoegde owerhede van hierdie voorval bewus geword het.

10.13 Verskaf besonderhede van alle maatreëls wat reeds getref is om die besoedeling te stop en te herstel.

10.14 Bevestig of die voorval ingevolge die toepaslike water- en omgewingswetgewing as 'n besoedelings-/noodvoorval aangemeld is.

10.15 Verskaf die relevante verwysingsnommers van alle klagtes en voorvalverslae.

11. GEEN VERDERE UITSTEL OF LEË BELOFTES NIE

Hierdie situasie kan nie verder deur middel van algemene antwoorde soos “die saak is na die tegniese afdeling verwys” of “ons is bewus daarvan” hanteer word nie.

Die riool vloei.

Dit beweeg deur 'n gemeenskap, langs huise en skole, deur 'n nywerheidsgebied, langs besigheidsterreine, deur 'n gebied waar voedselverwerking plaasvind, deur 'n begraafplaas, en volgens die inligting wat ontvang is, na die kanaal en uiteindelik die Oranjerivier.

Elke uur wat die bron bly vloei, kan die omvang van die skade vergroot.

12. REG OP VERDERE REGSTAPPE VOORBEHOU

Indien daar nie onmiddellik voldoende opgetree word nie, behou die inwoners, grondeienaars, ondernemings en ander geaffekteerde persone alle regte voor om die aangeleentheid verder te eskaleer na die toepaslike:

- provinsiale en nasionale owerhede;
- Departement van Water en Sanitasie;
- omgewingsowerhede;
- gesondheidsowerhede;
- omgewingsbestuursinspekteurs;
- opvangsbestuursagentskap;
- toepaslike regulatoriese liggame;
- Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, waar toepaslik;
- Openbare Beskermer, waar toepaslik; en
- die bevoegde hof.

Ons behou verder die reg voor om, waar toepaslik, **dringende hofintervensie, 'n verpligte herstel-/interdikbevel, skadevergoeding en/of enige ander toepaslike regshulp** te oorweeg.

Hierdie brief moet ook beskou word as 'n formele versoek dat alle relevante rekords, foto's, video's, inspeksieverslae, onderhoudsrekords, klagteverwysings, e-posse, interne kommunikasie, watermonsters, laboratoriumuitslae en ander dokumentasie rakende hierdie voorval bewaar word.

13. DRINGENDE SKRIFTELIKE ANTWOORD

Ons eis 'n **skriftelike bevestiging van ontvangs van hierdie kennisgewing binne 24 uur**, asook 'n onmiddellike aanduiding van:

1. wie die verantwoordelike amptenaar is;

2. watter noodmaatreëls reeds ingestel is;
3. wanneer die rioolvloei by die bron gestop sal word;
4. watter monsterneming gedoen sal word;
5. watter gesondheidsmaatreëls ingestel word;
6. watter maatreëls getref word om die Oranjerivier te beskerm; en
7. wanneer 'n volledige ondersoekverslag beskikbaar sal wees.

Ons verwag dat hierdie aangeleentheid op die **hoogste toepaslike vlak van munisipale en provinsiale bestuur** hanteer sal word.

Die Grondwet vereis van plaaslike regering om volhoubare dienste te lewer en 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder.

Ons verwag daarom nie nog uitstel, verskonings of algemene ondernemings nie.

Ons verwag onmiddellike, meetbare en gedokumenteerde optrede.

Vriendelike groete

Werner Strauss
Distrikskoördineerder: Noord-Kaap
AfriForum
Sel: 081 217 1752
E-pos: werner.strauss@afriforum.co.za